Sing vooraf: Psalm 62:6 (p. 302)

6 Hoe nietig is die mensekind; / ook hy wat roem en aansien vind / is enkel waan, 'n skimverskyning.
Saam in die weegskaal opgeweeg / is hulle niks nie, nietig, leeg, / 'n môrewolk in sy verdwyning.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 71:12, 15 (p. 356)

12 Ek roem, o God, u alvermoë, / 'k roem u geregtigheid, / wat uitstraal ver en wyd
en heerlik skitter uit die hoë. / Wie is soos U, o HERE, / so groot in mag en ere.

15 Ek meld teenoor hul onheilsplanne, / my vyande ten spyt / steeds u geregtigheid.
Daar stuit hul nou, die onregsmanne, / op eie kronkelweë, / verlate en verleë.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons voor God met Psalm 89:6 (p. 445) van versoening en ons onderwerping aan die wil van God

Wet

Psalm 89:6 (p. 445)

6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Skrifberyming 7-1:1 (31:1)

1 Toe sien ek teen die bloue vert' / 'n ruiter op sy haelwit perd; / en 't was om Hom stormagtig,
want Hy, die ruiter, voer sy stryd / en oordeel in geregtigheid; / sy Naam is: Trou, Waaragtig.
Sy oog is soos 'n vlam van vuur, / sy krone skitter in die uur / van langverwagte oorwinning.
Sy Naam, diep met sy wese een, / deurgrond geen mens, net Hy alleen / in held're selfbesinning.

Skriflesing: Openbaring 6

Teks: Openbaring 6:5, 6

En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie. (Openbaring 6:5-6 AFR1953)

Die oorwinning van Jesus Christus oor al die magte van die hel en die wêreld kom in nog ’n ander faset van die wêreldgeskiedenis na vore:

Die derde lewende wese roep die volgende perd te voorskyn. Ons weet al vantevore van hierdie derde lewende wese.

> **. . . en die derde lewende wese het ’n gesig gehad soos ’n mens,**
> (Openbaring 4:7 AFR1953)

Is dit hierdie spesifieke lewende wese wat die lyding oor die mensdom aankondig? Ons weet nie, maar dis ook nie belangrik nie

Toe die derde seël oopgemaak word, verskyn daar ’n swart perd. Soos die vorige perde begin hierdie perd ook met sy vaart oor die aarde.

- Hierdie swart perd met sy ruiter wat na vore kom, is die Ruiter op die wit perd se tweede agterryer.

Ons gee aan die volgende sake aandag:

1. Die swart perd en sy ruiter
2. Die moderne lewe gaan baie onregverdig wees!

1. Die swart perd en sy ruiter

Ons loop die ***swart perde*** en die kleur ***swart*** meer kere in die Bybel raak! Vergelyk die volgende aantal verse in die Bybel:

- **Voor hulle bewe die aarde, sidder die hemel; die son en die maan word swart, en die sterre trek hulle glans in.** (Joël 2:10 AFR1953)
- **Voor die eerste wa was bruin perde, en voor die tweede wa swart perde,**
  (Sagaria 6:2 AFR1953)
- **Dié met die swart perde trek uit na die land van die noorde, en die wittes trek uit agter hulle aan; en die bontes trek uit na die land van die suide.**
  (Sagaria 6:6 AFR1953)

Swart is die kleur van:

- Honger en
- Bekommernis

Dit is ook die kleur van

- Rou en
- Dood

Vergelyk hiervoor die volgende uitsprake in die Bybel:

- **My vel het swart geword en val van my af, en my gebeente gloei van hitte.**
  (Job 30:30 AFR1953)
- **So sê die Here HERE: Op die dag toe hy na die doderyk neergedaal het, het Ek laat treur: Ek het om sy ontwil die watervloed oordek en die strome daarvan teruggehou, sodat die groot waters gestuit is; en Ek het om sy ontwil die Líbanon in swart gehul, en al die bome van die veld het gesmag om sy ontwil.**
  (Esegiël 31:15 AFR1953)
- **Ons vel gloei soos ’n oond vanweë die gloed van die honger.**
  (Klaagliedere 5:10 AFR1953)

Hierdie perd en sy ruiter sit die *ellendes* wat deur die rooi perd bewerk word, voort.

Die ruiter op die swart perd wat na die oopmaak van die derde seël verskyn, dra ’n weegskaal in sy hand.

- Dis ’n besondere skaal, want hierdie skaal weeg fisiese en geestelike dinge af met dieselfde gewigte!
- Dit weeg koring en gars, maar ook benoudheid en angs oor die mense uit.
- Hierdie ruiter weeg rampe uit.

Die duidelikste van al die rampe is dat hy prysbeheer toepas wat geweldige en skrikwekkende gevolge het.

- Kos word skaars.
- Nie omdat daar nie kos is nie, maar omdat dit te duur is vir sommiges om te betaal.
- Die prysvasstelling en rantsoenering wat in vers 6 aangekondig word, beklemtoon die ellendes wat deur die ruiter op hierdie swart perd aangerig gaan word.

Twee dinge staan uit:

- Die dinge wat uitgemeet word, word in die heel kleinste mate uitgemeet.
- Die prys is ontsettend duur.

Die prys is een skeppie koring vir ’n penning. Die geldstuk wat in die oorspronklike teks genoem word, is ’n **denari**. Dit is dieselfde geldstuk as ’n **penning**.

- Dit is ’n Romeinse geldstuk – wat seker nog in gebruik was toe Johannes die Openbaringboek neergeskryf het.
- Ons lees van hierdie spesifieke geldstukkie in Matteus 20:2:

  En nadat hy met die arbeiders ooreengekom het vir ’n penning op ’n dag, stuur hy hulle in sy wingerd. (Matteus 20:2 AFR1953)

Uit hierdie vers lei ons af dat ’n dagloner ’n penning as betaling ontvang vir ’n dag se werk. Dit is dus baie maklik om dit oor te dra op ons valuta van vandag: Dit is een dag se salaris.

Wat kon ’n man koop met dié stukkie geld in sy hand?

- Hy kon **een rantsoen koring** koop!
- Dit word algemeen aanvaar dat ’n penning net genoeg was om genoeg koring te koop vir een mens om vir een enkele dag daarvan kos te maak (kos vir een mens = een maaltyd). Een skeppie koring was dus waarskynlik net genoeg vir een broodjie.

(Onthou net dat hulle brode nie gelyk het soos ons s’n nie! Dit het bestaan uit min genoeg deeg wat gewoonlik aan die binnekant van die skoorsteen vasgeplak kon word. Die hitte van die vuur het die deeg dan gaar gebak. Wanneer die brood gaar was, is dit van die skoorsteen afgehaal en geëet.)

Kyk na die konsekwensies van hierdie saak: Jy sal dus met een dag se salaris net een brood kan koop.

- ’n Man kan dus nie met hierdie geld vir ’n gesin kos (koring) koop nie. Hy kan net vir homself – of vir een van sy gesinslede sorg.
- Daar is nie geld vir klere nie, en ook nie vir losies nie, en ook nie eers kos vir meer as een mens nie.
- Daarom gaan so baie mense van die honger sterf.

Daar is ’n alternatief: Jy sal ook drie skeppies gars kan koop met jou dag se geld.

- As hy nie wil (kan?!) koring koop nie, kan hy **drie rantsoene gars** koop.
- Gars was dierevoer, maar tog het die heel armste mense wel van gars brood gebak – en dan het jy drie skeppies gars nodig vir een so 'n broodjie.

Iemand kon waarskynlik meer kos maak met gars as met koring. Daarom het net die heel armstes onder die armes (dus ook soldate!) gars geëet.

> **En toe Gídeon aankom, vertel 'n man aan 'n ander juis 'n droom en sê: Kyk, ek het 'n droom gehad: Daar rol 'n hard gebakte garsbrood in die laer van die Midianiete en kom tot by die tent en slaan dit dat dit omval en keer dit onderstebo, en toe lê die tent daar!** (Rigters 7:13 AFR1953)

> **En daar het 'n man van Baäl-Salísa gekom en vir die man van God eerstelingsbrode, twintig garsbrode, en vars graan in sy mandjie gebring. En hy het gesê: Gee vir die mense, dat hulle eet.** (2 Konings 4:42 AFR1953)

Die Here het juis dat Esegiël garskoeke (nie koringbrode nie!) bak om die ellendes van die ballinge uit te beeld!

> **En as garskoeke moet jy dit eet en dit op die mis van mensedrek bak voor hulle oë.** (Eségiël 4:12 AFR1953)

Die eintlike ding is dat gars dierevoer was!

> **En die gars en die strooi vir die perde en die renperde het hulle gebring op die plek waar dit moes wees, elkeen volgens sy orde.** (1 Konings 4:28 AFR1953)

- Dit teken die verskrikking en die ellendes waarin mense gaan verval.
- Die nood en hongersnood gaan onberekenbaar wees.

2. Die moderne lewe gaan baie onregverdig wees!

Die skaal van die ruiter op die swart perd meet die kos wat hy uitweeg, baie onregverdig uit! Let op dat dit nie waar is dat almal honger ly nie.

- Die armes mag nie die wyn en olie gebruik nie.
- Wie mag dan wel die olie en die wyn gebruik?

Daar sal rykes (magtiges?!) wees wat die massas mense gaan verdruk en onderdruk, terwyl hulleself in oorvloed lewe.

- Ons het tans voorbeelde daarvan in die moderne lewe.
- Daar is rykes wat die geldmag van die wêreld sal hanteer.
- Daarom staan daar geskryf dat die olie en die wyn nie beskadig mag word nie.
    - Die rykes sal in hulle oorvloed lewe.

Hierdie skaal weeg twee uiterstes uit: oorvloed na die een kant toe en hongersnood na die ander kant toe. Alles of niks.

Ons hoor hierdie perd se pote klap deur ons geskiedenis. Ons maak almal die gevolg van sy ruiter se werk aan ons lywe deur.

- Wie weet nie van inflasie en devaluasie van ons geld nie.
- Wie het nog nie van stygende pryse en lewenskostes gehoor nie? Elke mens ervaar dit dat hy elke paar maande minder kan koop.
- Baie mense verloor hulle huise omdat hulle nie meer die huur kan betaal nie.
- Lewenstandaarde val.

Die hele skepping is betrokke by hierdie saak, want daarom word hierdie gedeelte afgesluit met die verwysing dat daar ’n stem tussen die vier lewende wesens ontstaan wat die aankondiging maak van die pryse van die koring en gars. Die vier lewende wesens is juis die simbole van die aarde met alle lewe daarop.

Hierdie gedeelte in die Bybel maak dit duidelik dat daar *langdurige tye* van geweldige kosskaarste gaan aanbreek! Dus:

- Hongersnood!
- Ontbering!

. . . en moenie die olie en die wyn beskadig nie.

Waarom mag die olie en die wyn nie beskadig word nie? Omdat dit weeldeartikels is. Dis dinge wat die lewe aangenaam maak. Dis ook as medisyne gebruik.

> **. . . en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na ’n herberg geneem en vir hom gesorg.** (Lukas 10:34 AFR1953)

Die twee artikels mag dus nie by die verdruktes uitkom nie.

- Dit sal hulle lyding verminder – en dit mag nie gebeur nie.
- Die opdrag van die ruiter op die swart perd is dat hy alle soorte ellendes moet bewerk en laat voortduur.

In vers 6 kom daar ’n stem wat opklink tussen (presies in die middel van) die vier lewende wesens. Wie is dit wat praat?

- Dalk een van die vier lewende wesens? Dis nie waarskynlik nie, want dan kan die stem nie tussen (presies in die middel van) die vier opklink nie!
- Is dit die Lam self wat aan die woord is? Vergelyk hoofstuk 5:6:

  En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar ’n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. (Openbaring 5:6 AFR1953)
- Of is dit God wat aan die woord is? Vergelyk hoofstuk 4:6

  en voor die troon was daar ’n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter. (Openbaring 4:6 AFR1953)

Dit is nie werklik belangrik of dit God of die Lam is wat praat nie, want die bevel wat Hy gee, is met gesag – dit moet gehoorsaam word, en dit word nagekom!

Hoe voel ons daaroor?

Gemaklik, want al hierdie dinge wat op die oog af baie negatief lyk, bevestig die almag en die oorwinning van God die Here.

Terselfdertyd openbaar dit die magteloosheid en die totale onbekwaamheid van die duiwel en sy werkinge.

Omdat die Here die dinge vooraf openbaar – en dit nou presies so waar word – kan ons met die grootste gerustheid lewe en weet dat ons ingebed is in die oorwinning van die Lam – die Ruiter op die wit perd.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 97:1 (p. 484)

1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 26 April 2009